Ek wil ander bemoedig

It is not the doctrine of justification that does my heart good, it is Christ, the justifier. –C.H. Spurgeon

Ek wil ander bemoedig

Watter soort mens wil God hê dat ons moet wees? Ons talente, persoonlikhede, vermoëns en agtergrond verskil, maar tog is daar sekere basiese kenmerke wat God van almal van ons verwag. Een daarvan kry ons in 1 Tessalonisense 5:11: *Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.* Om mekaar te bemoedig, beteken eenvoudig om ander te laat weet dat hulle nie alleen is nie, om langs hulle op hulle lewensreis te loop. Die Christen se lewe is nie een van isolasie en onafhanklikheid nie, maar een van interafhanklikheid en verhoudings.

Een van die beste voorbeelde van ‘n bemoediger in die Bybel is Barnabas. Hy verkoop grond wat hy gehad het en bring die geld vir die apostels. *Josef ‘n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels Barnabas genoem is – dit beteken iemand wat mense moed inpraat* (Handelinge 4:36 – 37). Later lees ons dat hy hom oor Saulus ontferm het en hom na die apostels gebring het en hulle gerusgestel het dat hy nou ook ‘n gelowige was (Handelinge 9:26 – 27). Hierdie Saulus word later die groot apostel Paulus.

God wil elkeen van ons op verskillende tye en op verskillende maniere gebruik om ander te bemoedig. Daarom moet ons oplet op die mense wat God oor ons pad bring en onsself beskikbaar stel

om saam met hulle te loop.

Wat moet ons doen as ons ander mense wil bemoedig?

1. Ons moet aan ander ons tyd en onverdeelde aandag gee

In 1 Tessalonisense 2:17 – 20 lees ons van Paulus se verlange om weer die broers in Tessalonika te sien. Die beste is om hulle van aangesig tot aangesig te sien, maar as dit nie moontlik is nie kan ons hulle skakel of e-posse stuur of teksboodskappe. Hoe dikwels sien ons nie mense in restaurante sit elkeen besig op sy foon – dit is verkeerd. As ons met ander mense is, moet ons ons volle aandag aan hulle gee en aandagtig luister na wat hulle sê. Hoe sal ons dan weet wat hulle op die hart het en hoe om hulle te ondersteun?

2. Help hulle met hulle behoeftes

In 1 Korintiërs 1:5 – 7 skryf Paulus oor ons plig om ander te bemoedig. Dit mag beteken dat ons diegene wat swaarkry vertroos; tyd met eensame mense spandeer; iemand se praktiese behoeftes hanteer.

3. Bou mekaar geestelik op

In Romeine 1:11 – 12 praat Paulus van bemoediging in die geloof. As mense in moeilike tye sukkel om God te vertrou, het hulle iemand nodig om hulle aan God se teenwoordigheid, sy beloftes en sy krag te herinner. ‘n Ander aspek van geestelike bemoediging is om iemand te waarsku wat op die verkeerde pad loop.

4. Bemoediging is ‘n motiveerder

Dink maar net aan jou eie moeder en hoe sy jou bemoedig het as dinge vir jou skeef geloop het. Word jy ook ‘n bemoediger – soos jou moeder en Barnabas. Jy weet nooit watter verskil jou woorde van bemoediging sal maak nie.

Wie kan ek vandag bemoedig?